

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: "Wanneer is ons geseënd?"

#### Skriflesing: Matteus 5:1-12

"The basis for the ethics of the Sermon on the Mount is not what works, but rather who God is."

– Stanley Hauerwas

"If it is I who determine where God is to be found, then I shall always find a God who corresponds to me in some way, who is obliging, who is connected with my own nature. But if God determines where he is to be found, then it will be in a place which is not immediately pleasing to my nature and which is not at all congenial to me. This place is the Cross of Christ. And whoever would find him must go to the foot of the Cross, as the Sermon on the Mount commands. This is not according to our nature at all, it is entirely contrary to it. But this is the message of the Bible, not only in the New but also in the Old Testament...."

– Eric Metaxas, Bonhoeffer: Pastor, Martyr, Prophet, Spy



#### Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,  
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;  
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

### Broodjies vir die pad

#### Mens

(Jaco Botha, 1972–2016)

Jy het grofstem soos 'n Joodse koning deklameer:

"Die lewe is nie 'n feëverhaal nie."

'n Mens beplan en prakseer. Jy wen vriende. Jy maak lesers die hof.

'n Mens verkwis nie tyd nie.

'n Stryker marsjeer in waar ander soos kanaries onder in die myne sterf.

Wat is verkwisting as dit nie hierdie vrees om elfuur in die aand is nie?

Wat is vrees as dit nie oor verlies gaan nie?

Wat is verlies as 'n mens nie rou nie?

Wat is rou indien jy nie tyd het nie?

Wat is tyd indien nie toegelaat deur alleenheid nie?

Wat is alleenheid anders as die straf vir samesyn?

Jou erns het ander s'n oortref,  
jou lag was skerper as jou tong.

Wanneer jou oë vonkel,  
het mense ag geslaan.

Jy was die harde slag in 'n stil straat,  
die onrustigheid wanneer die sigarette op is,  
'n dagbesoek aan 'n ander kontinent.

Wanneer jy jou jongste vriend inlyf,

Het jy die eksklusiwiteit hoog aangeslaan:

"Wyn behoort net aan sekere mense beskikbaar te wees."

Jy kon jou in 'n tikkie duiwelsheid verkneukel:

"Ek het iets oor jou ma gehoor, van toe sy jonk was."

Moeg gekuier, het jy verklaar jy het nie die liefde nie en nors gaan lê.

Ek wou nog:

jou lewensverhaal weer hoor  
jou opgewekte vriende ontmoet  
jou gesofistikeerde mentors peil  
jou afwagterende dissipels bekyk.

Ek wou vir jou 'n ding of twee wys.

Soms wou ek jou guns wen.

Dit was nie doodsake nie.

Nou verklaar jy aan al dié wat na jou kom:

"Die hiernamaals is nie 'n feëverhaal nie."

Jy raak hulle aan die skouer, sê bedaard soos 'n ou profeet:

"Ons was mos net mens."

Jaco Fouché

<http://www.litnet.co.za/mens/>



"Blessed are the cracked, for they shall let in the light."

– Groucho Marx

"God changes his appearance every second.

Blessed is the man who can recognize him in all his disguises."

– Nikos Kazantzakis, Zorba the Greek

"Do not indulge in dreams of having what you have not, but reckon up the chief of the blessings you do possess, and then thankfully remember how you would crave for them if they

were not yours."

– Marcus Aurelius, *Meditations*

"Bless you prison, bless you for being in my life. For there, lying upon the rotting prison straw, I came to realize that the object of life is not prosperity as we are made to believe, but the maturity of the human soul."  
– Aleksandr Solzhenitsyn, *The Gulag Archipelago* 1918-1956



## Ja, sintuiglike genieting kan 'n deug wees

*Wilhelm Jordaan*

Party mense hou nie van die woord "deug" nie. Klink te prekerig vir hulle, so asof jy 'n ouderwetse en meedoënlose saak teen "die sonde" het.

Dus dan 'n klein prekie vir 2017 – nie oor sonde nie, maar oor 'n miskende deug: Dié van sintuiglike genieting as 'n manier van leef (wat sekerlik soms ook 'n sondetjie of wat inhou).

Hoe kan sintuiglike genieting 'n deug wees? Dit waarborg mos louter hedonisme, 'n soort super-sensualisme wat plesier van oomblik tot oomblik najaag. Daar is sekerlik sulke lewensgenieters, maar sintuiglike genieting as 'n deug werk 'n bietjie anders.

Dit het allereers met 'n manier van bewuswording te doen, 'n oopstelling vir nuwe moontlikhede; om anders te sien, te hoor, te ruik, te proe en aan te raak. Waardeur jy die lewe opnuut verwonderd en met dankbaarheid en sorg omhels.

In wese is jy dan 'n kunstenaar wat die sintuie laat baljaar. Soos D.J. Opperman skryf oor hoe hy 'n nartjieskil tussen sy vingers buig of knak en daar 'n klein sproeieën "geurend om my hand uitsak".

En wat verruklike indrukke bring: "O my nooi is in 'n nartjie, / my ouma in kaneel, / daar's iemand . . . iemand in anys, / daar's 'n vrou in elke geur!"

En, bygevoeg, al die geure in dieselfde vrou.

Die Italiaanse opvoedkundige Maria Montessori het geglo die sintuie moet tot die maksimum en gelyktydig in opvoeding benut word – nie net ter wille van intellektuele prikkeling nie, maar ook ter wille van 'n breë lewensopstelling.

Dan is daar sintuiglike kruisbestuiwing wat 'n mens "multisensories" in voeling bring met die dinge daar buite én dit wat binne jou gebeur: Om aanraking te voel wanneer 'n geliefde met jou praat; te kan sien wat jy hoor; die dinge waaraan jy dink te kan ruik; dit te beleef dat die lewe soms bitter, soms soet is.

Verder: Om nou nog jou skoolboektas te ruik wanneer jy die soort toebroodjie eet wat jou ma gemaak het; donker en ligter kleure te sien wanneer jy 'n saxofoon se droewige basnote en vrolike hoë note hoor; en weer die "blou uur" te beleef soos 'n kind, angstig tussen droom en daglig.

Om sintuiglik verarmd te leef skep algaande 'n soort atrofie van die sintuie en baan die weg vir ons haastige gevolgtrekkings, stereotiperings en oorveralgemeninge.

Ons word dan soos stadsjapies wat onnadenkend van 'n trop skape op 'n plaas sê: "Hulle is dan almal eners."

Die boer wat sy skape ken, sou nooit só 'n lawwe ding sê nie – vir hom is elke skaap 'n ander skaap.

"Hulle is almal eners" word maklik en snedig deel van ons manier van kyk en praat oor mense en dinge omdat ons nie verskille en uniekheid kan of wil raaksien nie.

Vertroeteling van die deug van sintuiglike genieting sal baie help om 2017 met 'n ligter tred en met 'n bietjie meer kunstenaarskap aan te durf.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ja-sintuiglike-genieting-kan-n-deug-wees-20170103#>

## Brood vir die pad

### Is jy 'n 'woedende burger'?

Enkele jare gelede is die woord *wutbürger* in Duitsland verklaar tot "woord van die jaar". Dis 'n nuwe skepping, letterlik "woedende burger", vir ontevredenes wat toenemend in verset kom en hulle wrewel en weiering ál meer demonstreer – deur openbare protes, krasse kommentaar in sosiale media, blinde steun vir populistiese politiek, opruiende retoriek en ontstellende sieninge, waaronder haat teenoor vreemdelinge.

Met vanjaar se 500 jarige herdenking van die Hervorming plaas die tydskrif *Der Spiegel* 'n voorbladfoto van Luther met die opskrif "Die eerste *wutbürger*" en wy hele uitgawes aan die verreikende gevolge van die Hervorming – vir samelewing en regspraak, kultuur en taal, politiek en ekonomie, opvoeding en wetenskap.

Op die oog af maak dié anakronistiese tipering goeie sin, dis immers nie verniet dat dié historiese beweging as Protestantisme bekend sou word nie, dis gebore in protes en het 'n gees van ontevrede verset geadem. Dit was inderdaad 'n tyd van woede, van protes en "nee" sê.

Die Evangeliese Kerk van Duitsland reageer egter deur daarop te wys dat daar ook ingrypende onderskeide bestaan tussen Luther en vandág se "woedende burgers", soveel só dat hulle dink dis dalk nie so gepas om hom só te onthou nie, want daarmee word vandag se "woedende burgers" subtiel goedgepraat op maniere wat volgens hulle nie hoort nie. Dié onderskeide bestaan – volgens hulle – in die totaal verskillende sake waarvóór Luther en waarvóór vandag se woedende burgers onderskeidelik staan.

Sy protesstem was vir die vryheid van mense, sê die kerk, nie vir inperk en uitsluit nie. Sy protes was vir die liefde van God, wat hom selfs teen die magtiges in verset laat kom het, sê hulle. Sy verset was vir die eenvoudiges, armes en noodlydendes, sê hulle, sodat Luther g'n voorbeeld was van vandag se populistiese reaksionêre nie, sê hulle.

Dááror gaan die debat steeds voort. Maar die saák is duidelik van belang. Met protes maak naamlik nie net ons "nee" saak nie maar ook ons "ja". Agter ons "nee" skuil immers altyd 'n "ja", selfs al erken ons dit nie en al besef ons dit nie.

Dié "ja" moet daarom ook verwoord word. Die vraag is immers nie net waarteen of teen wie ons so vurig is nie, maar waarvóór ons is, en waaróm?

Die vraag is wat ons dan wil hê, wil sien gebeur, waarop ons hóóp, waarvoor ons bid en werk? – eers dán kan die gesprek begin, ook ons eerlike gesprek met ons eie hart, want eers dán sal ons kan weet of ons waarlik só wil wees, bereid tot dié soort protes? – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/is-jy-n-woedende-burger-20170121>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*